Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

## EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE


Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za


| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **Afrikaans Home Language** | | |
| **QUESTION PAPER** | **1** | **2** | **3x** |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **3 hours** | | |
| **PROVINCE** | **Eastern Cape** | | |
| **NAME OF THE INTERNAL MODERATOR** | **Karen Viljoen** | | |
| **NAME OF THE CHIEF MARKER** | **Helena Fyver** | | |
| **DATES OF MARKING** | **28 November 2025 to 12 December 2025** | | |
| **HEAD OF EXAMINATION:** | **Mr. EM Mabona** | | |

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Die kandidate het oor die algemeen redelik goed in hierdie vraestel gevaar. Die onderwerpe was van so 'n aard dat die meeste kandidate wel iets kon vind om oor te skryf.

Die rede waarom kandidate druip, is omdat daar slegs een of twee stukke geskryf is of hul kon nie hul boodskap oordra nie weens baie swak grammatika en woordeskat.

Daar is ongelukkig nog sentrums waar die kandidate nie genoeg onderrig in beplanning, redigering en formate ontvang nie. Alhoewel daar 'n groot verbetering van verlede jaar is, blyk dit dat sommige kandidate steeds sukkel met die formele register en korrekte formaat.


Swakker skrywers val maklik in 'n bespiegelende styl en herhaal hulself wanneer hulle probeer om die woordtelling te haal, wat die stukke inhoudloos laat. Ongelukkig het kandidate nie vanjaar die verhalende opstelonderwerp gekies nie, moontlik omdat hulle nie die woord "waaghalsig" verstaan het nie.

Die vriendskaplike brief en e-pos was gewilde keuses en die meeste kandidate het die formaat korrek hanteer.

Paragraafbou bly 'n uitdaging. Te veel hoofpunte word in een paragraaf saamgepak of die afbreek van paragrawe is foutief. Kreatiwiteit in sins- en paragraafstruktuur was beperk; daar was byvoorbeeld min eenwoordsinne en enkel-sin-paragrawe.

Daar is 'n verbetering in die gebruik van kreatiewe leestekens – sterker kandidate het dubbelpunte, kommapunte of aandagstrepe ingespan.

Kandidate skryf korter opstelle, min kandidate gebruik die volle 450 woorde.





**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

**QUESTION 1**

**General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

**Afdeling A: Opstel**




**1.1 Dit wás waaghalsig, maar ek sal dit weer doen!**

Dit was nie 'n baie gewilde keuse nie. Kandidate wat wel hierdie onderwerp gekies het, het oor die algemeen goed gevaar, aangesien hulle verhalende opstelle geskryf het. Kandidate

het uit hul eie ervaring geskryf. Hulle het meestal relevante verhalende en beskrywende opstelle geskryf – letterlike opstelle oor iets waaghalsig wat hulle gedoen het en nie berou het nie.

**1.2 Wanneer die stiltes jou nooi …**

Hierdie onderwerp was problematies, maar tog het baie kandidate dit gekies. Kandidate het bespiegelende opstelle geskryf, maar van die onderwerp afgedwaal. Uitstekende opstelle oor depressie of dood het wel voorgekom. Die enigste opstel wat volpunte behaal het, is onder hierdie onderwerp geskryf.

**1.3 Is ék die argitek van my eie toekoms?**

'n Baie gewilde keuse. Sommige relevante, insiggewende opstelle is geskryf. Ander swakker opstelle was meestal letterlike interpretasies.

**1.4 Onderwysers kán 'n tegnoslim generasie met wysheid en balans help vorm.**

Dit was nie 'n gewilde keuse nie. Kandidate wat swakker opstelle geskryf het, het die punt oor tegnologie misgeloop. 'n Paar uitstekende opstelle is egter geskryf oor die balans tussen die gebruik van tegnologie in die klaskamer en die waarde daarvan om dit soms nié te gebruik nie.

**1.5 Lekker-dag-planne:**

**Glimlag vir vreemdelinge**

**Groet eerste**

**Sê dankie en**

**deel komplimente uit**

**(bedoel dit) – © Linda**

Gemiddelde tot bogemiddelde opstelle, maar geen uitmuntende opstelle nie.

**1.6 Visuele teks: Skoenspoor**

'n Baie gewilde keuse. Geen mistastings nie. Kandidate het letterlike opstelle geskryf oor 'n skoenspoor, die verhaal daaragter, waarom dit daar was en wie dit gemaak het. Daar was ook figuurlike opstelle oor die invloed wat 'n ander persoon op hul lewe het of gehad het. Sommige van hierdie idees was interessant en volwasse.


**1.7 Visuele teks: Dobbelstene**

Nie 'n gewilde keuse nie. Geen mistastings nie. Letterlike opstelle oor dobbelary en die impak daarvan op jou lewe. Meestal figuurlike opstelle oor die lewe of jou toekoms as 'n dobbelspel.

**1.8 Visuele teks: Hande met geldstukke daarin**

Geen mistastings nie. Relevante opstelle meestal oor armoede, werksekerheid en finansies. Ook opstelle oor bedelaars of die bedel vir geld. 'n Paar opstelle het gefokus op waardigheid of die waarde van 'n mens/die mens.

**Afdeling B: Transaksionele Tekste**




**2.1 Informele brief**

Een van die twee gewildste onderwerpe. Oor die algemeen het kandidate goeie punte behaal. Kandidate wat goeie punte behaal het, het toepaslike en akkurate formate gehad en beide dele van die onderwerp aangeraak, naamlik raad gevra en die verleentheid beskryf.

**2.2 Formele e-pos**

Die ander van die twee gewildste onderwerpe. Oor die algemeen het kandidate goeie punte behaal. Kandidate wat goeie punte behaal het, kon die aansluiting maak dat hierdie e-pos 'n dekbrief is.

**2.3 Agenda en notule**

Nie 'n baie gewilde onderwerp nie. Enkele kandidate het goeie punte hier behaal. Swakker kandidate wat hierdie onderwerp gekies het, het baie lae punte behaal.

**2.4 Verslag**

Hierdie onderwerp was binne die kandidate se verwysingsraamwerk en daarom het heelwat kandidate dit gekies. Kandidate het egter nie goeie punte behaal nie.

**2.5 Huldeblyk**

'n Baie gewilde onderwerp, maar baie van die kandidate het nie aan die vereistes voldoen nie en daarom swak punte behaal.

**2.6 Onderhoud**

'n Gewilde keuse. Die vraag is gewoonlik goed beantwoord.

| **QUESTION 2** |
|---|
| Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions. |
| **Afdeling A: Opstel** |

**1.1 Dit wás waaghalsig, maar ek sal dit weer doen!**

Een van die redes waarom kandidate nie hierdie onderwerp gekies het nie, kan wees dat kandidate nie geweet het wat die woord "waaghalsig" beteken nie. Mistastings het voorgekom wanneer kandidate iets waaghalsig met 'n impulsiewe besluit verwar het.

**1.2 Wanneer die stiltes jou nooi …**

Die meeste kandidate het oomblikke van stilte beskryf, maar geen aanduiding gegee waarom die stilte nodig of uitnodigend was nie. Baie van die idees was herhalend. Sommige opstelle het 'n lang inleiding gehad en het eers aan die einde die onderwerp aangespreek.

**1.3 Is ék die argitek van my eie toekoms?**

Opstelle met swakker punte was meestal letterlike interpretasies van hoe die kandidaat self verantwoordelik is vir sy/haar eie toekoms. In ander antwoorde was hul ouers of God, of 'n kombinasie van al drie, die argitek van hul lewe. Hulle het dan uitgebrei oor die middele tot en kenmerke van 'n goeie toekoms – werksekerheid en 'n gelukkige lewe.

**1.4 Onderwysers kán 'n tegnoslim generasie met wysheid en balans help vorm.**

Kandidate wat swakker opstelle geskryf het, het die punt oor tegnologie misgeloop. Hulle het uitgebrei oor die goeie onderwysers wat hulle op skool gehad het, met uitgebreide verduidelikings hoekom hulle goeie onderwysers was.

**1.5 Lekker-dag-planne:**

**Glimlag vir vreemdelinge**

**Groet eerste**

**Sê dankie en**

**deel komplimente uit**

**(bedoel dit) – © Linda**

Daar was geen opstelle wat swak beantwoord is nie. Relevante opstelle waarin die vier aanwysers gebruik en daarop uitgebrei is, is geskryf. Kandidate het ook hul eie idees bygevoeg oor wat 'n lekker dag behels, maar daar was nie uitsonderlike kreatiewe opstelle oor die onderwerp nie.

**1.6 Visuele teks: Skoenspoor**

Daar was geen opstelle wat swak beantwoord is nie, maar swak grammatika, spelling en 'n gebrek aan woordeskat het kandidate van 'n goeie punt weerhou.

**1.7 Visuele teks: Dobbelstene**

Daar was geen opstelle wat swak beantwoord is nie, maar swak grammatika, spelling en 'n gebrek aan woordeskat het kandidate van 'n goeie punt weerhou.

**1.8 Visuele teks: Hande met geldstukke daarin**

Daar was geen opstelle wat swak beantwoord is nie, maar swak grammatika, spelling en 'n gebrek aan woordeskat het kandidate van 'n goeie punt weerhou.

**Afdeling B: Transaksionele tekste**

**2.1 Informele brief**

Kandidate wat swak gevaar het, het geen reëls van die formaat toegepas nie, asook registerfoute begaan. Kandidate wat gemiddelde punte behaal het, het nie op die verleentheid uitgebrei nie en slegs vir raad gevra. Alhoewel die meeste wel vir raad gevra het, het sommige hierdie deel van die vraag uitgelaat. Swak grammatika het kandidate verhinder om hoë punte te behaal.

**2.2 Formele e-pos**

Kandidate wat swak gevaar het, het nie die reëls van die formaat toegepas nie, asook registerfoute gemaak. Voorbeelde: slegs 'n naam sonder 'n e-posadres, geen e-posadresse nie, die ontvanger is verkeerd aangespreek deur nie 'n formele aanhef te gebruik nie of glad nie aangespreek nie en geen slot/formele slot nie. Swak grammatika het kandidate verhinder om hoë punte te behaal.

**2.3 Agenda en notule**

Die formaat was 'n uitdaging. Dit was duidelik dat kandidate nie vir hierdie vraag voorberei het nie. Die rede hiervoor kan wees dat dit nie onderrig is nie of dat hulle beperkte blootstelling aan hierdie teks gehad het.

**2.4 Verslag**

Kandidate het nie die reëls van die formaat nagekom nie. Geen opskrif nie, nie onderteken nie en nie gedateer nie. In die meeste gevalle baie gedetailleerd, maar hulle het ook inligting ingesluit wat nie relevant tot 'n verslag is nie, wat tot 'n afwyking gelei het.

**2.5 Huldeblyk**

Die fokus van die onderwerp was 'n huldeblyk oor die saad wat die onderwyser in hul lewens geplant het. Kandidate het 'n tradisionele huldeblyk geskryf en gefokus op 'n siekte en die gevolglike dood en nie op die saad nie. In sommige antwoorde is die twee gekombineer – begin met 'n huldeblyk soos vir 'n oorledene, hulle fokus dan op die saad en eindig weer met 'n huldeblyk soos vir 'n oorledene met begrafnisreëlings. 'n Paar kandidate het glad nie die saad genoem nie.

**2.6 Onderhoud**

Foute in die vraag-en-antwoordformaat het voorgekom, maar nie wanneer dit as 'n dialoog geskryf is nie. Dialoogfoute: die direkte woorde was nie in blokformaat nie. Die teenoorgestelde het ook voorgekom – 'n toepaslike en akkurate formaat, maar swak grammatika en woordeskat het kandidate verhinder om goeie punte te behaal. Die grootste uitdaging was dat hulle nie op die raad kon uitbrei nie, behalwe vir tydsbestuur. Kandidate het dan verder net uitgebrei op tydsbestuur soos stel 'n rooster op, allokeer verskillende tye vir sport en akademie, ensovoorts. 'n Paar het glad nie genoem dat die matrikulant die veelsydigste leerder was nie.

**QUESTION 3**

**Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

Aangesien Vraestel 3 die grootste gewig dra en dikwels bepalend is vir leerders se slaagsyfer, behoort die onderrig van skryfwerk veel meer aandag te kry.

Leerders benodig meer leiding en inoefening in paragraafskryf, met die klem daarop dat elke paragraaf slegs een hoofgedagte moet bevat. Onderwysers behoort gereeld geleenthede vir skryfwerk te skep, selfs wanneer die JOP dit nie spesifiek vereis nie. Dit is belangrik om meer te doen as net die minimum. Onderwysers kan dit oorweeg om leerders afsonderlik aan openings- en slotparagrawe te laat werk sodat hulle leer hoe om 'n samehangende eenheid te

skep — byvoorbeeld deur die titel in die slot te herhaal. Oormatige lang en lomp sinne lei dikwels tot ernstige taal- en struktuurfoute. Hierdie probleem moet reeds vanaf graad 8 aangespreek word.

Leerders moet doelbewus geleer word om instruksies volledig te lees én uit te voer. Daar is steeds kandidate wat slegs twee afdelings voltooi. Kandidate fokus dikwels nie op al die elemente van die vraag nie. Hulle moet met ou vraestelle oefen tesame met die nasienriglyn om te leer om elke aspek van die onderwerp aan te spreek. Skryfstukke moet binne die voorgeskrewe lengte bly — sommige skryfstukke was veels te kort.

Baie kandidate beplan hul tyd swak. Sommige spandeer soveel tyd aan beplanning dat die finale stuk nie voltooi of selfs begin kan word nie. Heelwat kandidate het ook foutiewelik die finale skryfstuk doodgetrek.

Swakker skrywers vaar oor die algemeen beter met verhalende opstelle oor bekende situasies en moet in dié rigting aangemoedig word. Sterker kandidate wat nie kreatiewe skrywers is nie, moet aangemoedig word om argumenterend of beredeneerde opstelle te skryf.

Die gepaste toon, register en styl vir verskillende tipes transaksionele tekste moet onderrig word.

Die beperkte woordeskat van baie leerders is 'n groot probleem. Basiese woordeskat en algemene uitdrukkings moet voortdurend aangeleer word, byvoorbeeld: "versorg" i.p.v. "agter jou kyk"; "benodig" i.p.v. "nodig"; "iets bereik" i.p.v. "iets bekom"; "kelner" i.p.v. bediener; "gaan skool" i.p.v. loop skool. Onderwysers behoort Afrikaanse alternatiewe vir gewilde Engelse uitdrukkings aan te leer. Daar is 'n merkbare toename in anglisismes. Leerders moet dus die korrekte Afrikaanse uitdrukkings of woorde geleer word, bv. "Ek is slimmer dan jy" i.p.v. "ek is slimmer as jy"; "destinasie" i.p.v. "bestemming"; "ek hoop die brief vind u goed.";

"Aan die einde van die dag" i.p.v. "uiteindelik; "die laaste dag van skool" i.p.v. "die laaste skooldag". Woordoortolligheid kom steeds voor, bv. "Ek dink by myself", "ek as mens", "mees waardevolste". Alhoewel dit minder voorkom, moet die gebruik van informele woorde soos "awe", "bra", "chomma", "orait" en "joh" sterk ontmoedig word.

Woordorde is 'n algemene probleem, veral wat die posisie van die werkwoord betref. Min kandidate verstaan die Tyd–Wyse–Plek-volgorde. Leerders moet geleer word om die asterisk te gebruik om tydverloop aan te dui.

Dialoë in opstelle lei dikwels tot baie paragraaf- en leestekenfoute en moet dus onderrig word.

Onder die invloed van selfoongebruik, kom die weglating van kappies op woorde soos "môre", "hê" en "sê" toenemend voor en moet reggestel word.

**QUESTION 4**

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Algemene woorde wat verkeerd gespel word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| nog steeds | te veel | al weer | ewe skielik |
| vandag | goeiemôre/ goeiedag | vanaand | terselfdertyd |
| herinnering | gunsteling | Orals | te selfde tyd |
| hallo | definitief | Familie | fout |
| omgee | s'n | op pad | huis toe |
| bereik | interessant | skoolwerk | verseker |
| vir seker (beslis) | vir ewig (vir altyd) | Darem | gewoonlik |
| skielik | Forseer | Bedel | terug |
| vorentoe | Stres | Suster | juffrou Nel |
| te alle tye | onmiddellik | volwassenes | finansieel |
| regtig/rêrig | Tipe | onmoontlik | gevoelens |
| spyt | Sê | vier | opgewonde |
| kans | Watter | eindeksamen | topstudent |
| Weier(nee) | Dobbel | teenstand | verkeerd |
| so | Take | matrikulant | bekommerd |
| haastig | om verskoning | onbeskof | vervelig |
| struikelblokke | verskeidenheid | Haak | vriende |

- Woorde word dikwels verwar: *vir seker – verseker; waardeer – waardeur; ly/lui/lei; hoe-hou; kan – ken; spuit – spyt; hak – haak; dus – dis; sin – s'n; help – hulp; het – hê; vra – vrae; moet – moed.*
- *Van* word steeds in die plek van *want* gebruik.
- *Dit* kom ook steeds in plaas van *het* voor.
- SMS-taal word steeds gebruik, bv. *manet (*maar net), *wa (*wat), *kla (*klaar*), prt* (praat)
- In huldeblyke wat gelewer word, moet die aanhoorders aangespreek/gegroet word.
- Afkortings moenie in skryfstukke gebruik word nie.
- Die verkeerde afkapping van woorde aan die einde van sinne is steurend.
- Engelse woorde mag nie in skryfstukke gebruik word nie.

- ***Nie*** word dikwels weggelaat*: Niemand **nie**, niks **nie**, nooit **nie***.
- **Met** *word dikwels uitgelaat, bv. saam **met*** iemand loop; gesels **met** my ma**.**
- Voorsetsels word weggelaat, bv. Ek kyk **na** die video. Ek luister **na** die radio. Ek hoop dit gaan goed **met** jou.
- **Was** word meestal verkeerdelik in die verlede tyd in die lydende vorm gebruik, in plaas van **is.**
- Daar kom nie 'n komma na die infinitief nie, bv. om hard te leer is nou noodsaaklik.
- Komma voor *maar en want*
- Daar is 'n komma voor/na aangesprokene se naam in die dialoog.
- Na *klein* moet 'n verkleinwoord kom, bv. *'n **klein** boom**pie***.
- Die gebruik van die lidwoord verdien ook aandag, Op so *'n* jong ouderdom, *'n* bietjie..., *die* mense, *die* meeste, *'n* mens, ens.
- Leerders moet leer wat die verskil tussen *hard/ moeilik/swaar* is.
- Jy vergelyk jouself met *ander*, nie met *anders* nie.
- In Afrikaans is dit *Hoërskool Protea* en nie *Protea Hoërskool* nie.
- *Op die einde van die dag* = uiteindelik
- *In vandag se tyd/lewe = deesdae*
- *Dinge gaan reg uitdraai = uitwerk*
- *Sleg uitgedraai = sleg verloop*
- Moet nie = moenie
- **Maak** 'n keuse en **neem** 'n besluit
- Getalle onder twintig moet voluit geskryf word.
- *U* word dikwels as 'n hoofletter gebruik wanneer daar na 'n persoon verwys word.
- U se en u-hulle in plaas van u.
- Daar is heelwat halwe sinne, bv. "Die gevoel wat ons gehad het."
- "In oorsee gaan werk" i.p.v. oorsee gaan werk.
- Die voornaamwoord word uitgelos, bv. hoop dit gaan goed.
- Die gebruik van "gewees", bv. Ek was daar gewees, i.p.v. ek was daar.
- Die gebruik van "daai" i.p.v. daardie en "sulke" i.p.v. so.
- Die gebruik van betreklike voornaamwoorde, bv. "van dit", i.p.v. daarvan; "na dit", i.p.v. daarna; "van wat", i.p.v. waarvan.
- Ek maak staart op jou, i.p.v. ek maak staat op jou.
- Meneer en juffrou word gebruik i.p.v. onderwyser.
- Meneer en juffrou moet met 'n hoofletter geskryf word indien dit as 'n aangesprokene gebruik word.
- Ek kom tot die beseffing i.p.v. ek kom tot die besef.
- Ek verlang jou i.p.v. ek verlang na jou.
- Ek het gevoel om te loop i.p.v. ek het lus gevoel om te loop